

Saam-praat-papier 10 April 2016

## DIE VOORREG OM JESUS SE GETUIES TE WEES

Joh 1:19-34; 3:25-36
Die Jode het priesters en Leviete van Jerusalem af na Johannes toe gestuur om hom te vra:
"Wie is jy?" Toe het hy hierdie getuienis afgelê (20) en dit duidelik en ondubbelsinnig gestel
en openlik verklaar: "Ek is nie die Christus nie." (21) Hulle vra hom toe: "Wie is jy dan? Is jy
Elia?" "Nee, ek is nie," sê hy. "Is jy dan die Profeet?" "Nee!" het hy geantwoord. (22) "Nou
maar wie is jy dan? Ons moet 'n antwoord gaan gee aan dié wat ons gestuur het," sê hulle vir
hom. "Wat het jy oor jouself te sê?" (23) Hy antwoord toe: "Ek is die een wat in die woestyn
roep: Maak die pad vir die Here reguit." Dit is soos die profeet Jesaja gesê het. (24) Daar
was Fariseërs onder dié wat gestuur is, (25) en hulle het vir hom gevra: "Nou maar waarom
doop jy dan as jy nie die Christus is nie en ook nie Elia nie en ook nie die Profeet nie?" (26)
Johannes het hulle geantwoord: "Ek doop met water, maar tussen julle staan daar Iemand
vir wie julle nie ken nie. (27) Dit is Hy wat ná my kom, wie se skoene ek nie werd is om los
te maak nie." (28) Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was
om te doop. (29) Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe:
"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! (30) Dit is Hy wat ek
bedoel het toe ek gesê het: 'Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my
reeds daar.' (31) Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met
water sodat Hy aan Israel bekend gestel kan word." (32) Verder het Johannes getuig: "Ek
het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. (33) Ek
het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop,
het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige
Gees doop.' (34) Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God."

DIE VOORREG OM GENADE-GETUIES VAN JESUS TE WEES

JOHANNES DIE DOPER AS -GENADEGETUIE IS SIMBOOL VAN ONS (KERK) AS SY GETUIES

1 DIE INHOUD VAN ONS GENADE-GETUIENIS: JESUS
(*DAAR IS DIE LAM V GOD*)
2 DIE IDENTITEIT VAN GENADE-GETUIES VAN JESUS
(*HY MOET MÉÉR WORD EN EK MINDER*)



**SAAM-PRAAT-VRAE:**

**1 Wat in hierdie gedeelte het jou die meeste geraak?**

**2 Waarom dink jy is dit dat net 9% ( volgens navorsing) van mense wat hul as christene beskou, ooit met iemand anders oor Jesus as Verlosser praat?**

**3 Waarom is dit vir jou 'n voorreg om getuie van Jesus te wees?**